higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VERVOERBEDRYF
NKR VLAK 4

9 Maart 2019

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 C
1.2 B
1.3 D
1.4 A
1.5 C

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 2

2.1 Onwaar
2.2 Onwaar
2.3 Waar
2.4 Onwaar
2.4 Onwaar
2.5 Waar
2.6 Onwaar
2.7 Waar
2.8 Onwaar
2.9 Waar
2.10 Waar

(5 × 1) **[10]**

VRAAG 3

3.1 B
3.2 C
3.3 A
3.4 E
3.5 D

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 4

4.1 Asafstand
4.2 Vervoer
4.3 Oksideerders
4.4 Prosesse
4.5 Tussenganger

(5 × 2) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 5

5.1
- Dit bevorder groei in die ekonomie.
- Vervoerbestuur en -beplanning is van strategiese belang om vraag en aanbod bymekaar te bring.
- Dit speel ’n belangrike rol op mikrovlak.
- Dit maak beter toegang tot markte moontlik.
- Dit verseker doeltreffende inventarisvloei. (4 × 2) (8)

5.2
- Identifiseer die doel of oogmerke wat bereik moet word
- Formuleer strategieë om die doelwitte of oogmerke te bereik
- Reël of skep die manier waarop doelwitte of oogmerke bereik sal word
- Implementeer, rig en monitor al die stappe in die korrekte volgorde (4 × 2) (8)

5.3 Beleide verwys na die bedryfreëls✓ en riglyne van ’n maatskappy✓ terwyl✓ prosedures gebruik word om te verwys na die spesifieke instruksies✓ wat nodig is om ’n taak of deel van ’n proses uit te voer.✓ (5)

5.4 Aktiwiteite verwys na die deel van die organisasie wat die produkte en dienste✓ vir die organisasie se eksterne klante voortbring.✓ (2)

5.5
- Kostebesparing
- Optimalisering van kilometers gereis
- Verbeterde gebruik van voertuie
- Besnoeiings in betaallys en oortydkoste
- Verbeterde roeteringstyd
- Gebalanseerde werklaste sal gelyke aflewering, diens en verkoopsgebiede skep
- Optimalisering van ritvolgordebepaling terwyl daar gehou word by klante se openings-/sluitingstyd en afleweringstye
- Die vermoë om konsekwent te groei deur nuwe klante by bestaande roetes in te sluit sonder om voertuie of roetes by te voeg
- Doeltreffender brandstofverbruik
- Beter algehele hulpbronbestuur
- Verbeterde klantediens (Enige 4 × 2) (8)

[31]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

6.1
- kry goedere so gou moontlik by die klant
- lewer af op ’n manier wat veilig en betroubaar is
- moenie die gehalte van die produk in gevaar stel nie
- wees so koste-effektief as moontlik (4 × 2) (8)

6.2 Algemene bedryfskoste is vaste koste wat nie met die vervoermiddele verband hou nie,✓ maar sluit koste van algemene bestuur,✓ administrasie, steundienste, huur, geboue en fasiliteite in terwyl✓ vaste koste onveranderlike koste is wat met die voertuig verband hou,✓ soos waardevermindering,✓ huurkoste, lisensies, versekering en vaste salarisse. (5)

6.3
- Sorg nodig gedurende vervoer
- Digtheid van die goedere (verhouding van massa tot volume)
- Grootte en verdeelbaarheid (fisiese afmetings van goedere)
- Laaivermoë (vorm van goedere)
- Hanteringsgemak
- Potensiële aanspreeklikheid van goedere/breekbaarheid/vatbaarheid vir diefstal/gevaarlike eienskappe (3 × 2) (6)

6.4
- Hoewel dit moeilik is om die impak van omgewingskoste vas te stel,✓ is vervoer wêreldwyd ’n groot bydraer tot die vrystelling van kweekhuisgasse.✓
- Vervoeremissies wat veroorsaak word deur die verbranding van brandstof in voertuie✓ dra by tot die besoedeling van lug, water en het ’n uitwerking op die klimaat.✓ (4)

[23]

VRAAG 7

7.1 ’n Onverdeelbare voorwerp✓ wat, weens sy afmetings en/of massa, nie op ’n voertuig of voertuie vervoer kan word✓ sonder om die perke van die afmetings of massa te oorskry wat in die Nasionale Padverkeersregulasies beskryf word nie.✓ (3)

7.2
- Ontwrigting vir padgebruikers
- Meer opeenhoping
- Skade aan infrastruktuur
- Geraasimpak en ontwrigting van ongeluks- en nooddienste
- Ontwrigting van telefoon- en elektristeitsdienste
- Omgewingsimpak (4 × 2) (8)

7.3
- Dit moet helderrooi van kleur wees.
- Dit moet die algehele lengte en wydte van die voertuig of vrag aandui.
- Dit moet stewig aan die vrag op die voertuig geheg wees.
- Dit moet op die buitenste hoeke van die voertuig of vrag geplaas word.
- Dit moet ten minste 600 mm × 600 mm wees.
- Dit moet skoon wees en kan waai (3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou

7.4
- Nasionale Padverkeerswet
- Nasionale Padverkeersregulasies
- TRH 11
  Suid-Afrikaanse Nasionale Standaarde-dokumente (2)

7.5 Eie begeleidingsdiens (1)

7.6
- Registrasie en lisensiëring van die voertuig:✓ Dit verseker dat die voertuig onder meer padwaardig is en dat die regte soort voertuig vir die soort vrag gekies is.✓✓
- Lisensiëring en sertifisering van die bestuurder:✓ Dit beteken dat die bestuurder onder meer getoets is en bevoeg is om die voertuig te bestuur.✓✓
- Verkryging van die vrystellingspermit:✓ Dit verseker dat die abnormaliteite van die vrag onder meer ingevolge wetgewing gehanteer is.✓✓
- Gebruik van begeleidingsdienste: Die doel van begeleidingsdienste is om ander padgebruikers te waarsku van die abnormale vrag voor, maar dit dien ook as steunpersoneel om enige noodgevalle te hanteer.
- Merk en verligting van voertuie: Waarskuwings- en beskrywende merke op voertuie, ligte en weerkaatsers op voertuie waarsku ander padgebruikers van die abnormale vrag voor.
- Snelheid: Om by die voorgeskrewe snelheidsbeperking te bly is een van die belangrikste veiligheidsmaatreëls wat deur bestuurders van abnormale vragte toegepas kan word.
- Kom wetgewing na in verband met ure vir bestuurders: Om die veiligheid van die vrag sowel as die bestuurder te verseker, is dit noodsaaklik dat die bestuurder teen die uitwerking van uitputting beskerm moet word.
- Afhangende van die soort vrag moet maatreëls getref word om die vrag teen diefstal te beskerm. (3 × 3) (9)

[29]

VRAAG 8

8.1 Die vernaamste doel van merk en etikettering van gevaarlike goedere is om die potensiële gevare van die gevaarlike goedere✓ te kommunikeer✓ aan almal wat met die goedere in kontak kan kom✓ gedurende die loop van vervoer, hantering en bewaring.✓ (4)

8.2 Die etiket toon dat die stof wat vervoer word, gevaarlik vlambaar✓ is, d.w.s. maklik aan die brand slaan.✓ Die kleur is gewoonlik rooi, geel of oranje om gevaar aan te dui weens vuur en/of warmte.✓ (3)

8.3
- Vervoernoodkaart
- Verklaring van gevaarlike goedere
- Materiaalveiligheidsdatablaaie
- Roetekaarte met instruksies
- Plofstofpermitte
- Oorgrenspermitte
- Permit vir vervoer van afval
- Manifeste vir afval en sertifikate vir vernietiging van afval (Enige 5 × 1) (5)

8.4
- Brandblussers
- Draagbare respirators
- Draagbare waarskuwingstoestelle
- Veiligheidsharnasse en belde
- Eerstehulpstel vir voertuig
- Stel om oë te was en oordoppe/-proppe
- Handskoene, brille en voorskote
- Veiligheidshelm
- Veiligheidstewels/-skoene
- Rubberstewels
- Liesskerm of boks
- Weggooibare en soekhandskoene
- Voorarmskerms
- Weerbeskermingsbaadjies
- Oorbroeke
- Weggooibare gesigmaskers
- Weggooibare langmou-oorpakke
- Hoësigbaarheidsbaadjies/jas
- Hoësigbaarheidfrokkie (Enige 5 × 1) (5)

8.5.1 Die bestuurder moet seker maak dat:
- 'n geldige kategorie 'D'-operateurskaart in die windskerm van die voertuig vertoon word
- die voertuig padwaardig is deur 'n daaglikse voorritkontrolerooster te gebruik
- die voertuig geen produkte het wat die vrag waarskynlik sal besoedel of 'n veiligheidsgevaar sal veroorsaak nie. (3 × 2) (6)

8.5.2 Die bestuurder moet seker maak dat:
- al die korrekte vervoernoodkaarte en verklarings van gevaarlike goedere in die aangewese plek gebêre is en enige ander dokumentasie verwyder is.
- enige veiligheidstoerusting op die vervoernoodkaart wat in die voertuig vervoer word, gespesifiseer is
- enige veiligheidstoerusting op die vervoernoodkaart wat in die voertuig vervoer word, gespesifiseer is
- hy die inligting en instruksies op die vervoernoodkaarte verstaan
- alle etikettering op die regte plek is
- die vrag op die voertuig nie te groot of te klein is nie en dat dit behoorlik bevestig is. (Enige 5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

8.6
- Die eerste stap in die proses om van afval ontslae te raak, is om die inherente eienskappe van die gevaarlike afvalstof te bepaal en dan om die opsie vir die wegdoening daarvan te oorweeg.✓ Indien hoegenaamd moontlik, en om onnodige skepping van afval te voorkom, moet opsies vir hergebruik, herwinning en herstel en behandeling eers oorweeg word.✓
- Die tweede stap sluit die toetsing en ontleding van die afval in om die stowwe en hulle eienskappe te bepaal.✓ Gebaseer op hierdie stap moet die soort gevaarlike afval bepaal word en spesialiste en owerhede oor die spesifieke gevaarlike stof moet geraadpleeg word.✓ (4)

[37]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou